



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2013

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 125

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.
3. Beantwoord AFDELING B, slegs met blou of swart ink, in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag dit verwyder.
6. Jy mag vir die duur van die eksamen nie toegang tot enige musiekinstrument hê nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

VRAAG	TOTALE PUNT	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A			
1	18		
2	17		
3.1 of 3.2	10		
4 of 5	15		
SUBTOTAAL	60		
AFDELING B			
6	10		
7	10		
8	5		
9	5		
10	10		
11	8		
12	6		
13	6		
14	5		
SUBTOTAAL	65		
GROOTTOTAAL	125		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

90 MINUTE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3 (3.1 of 3.2) en ÓF VRAAG 4 ÓF VRAAG 5.

VRAAG 1 (Aanbevole tydsduur: 20 minute)

Bestudeer die uittreksel uit *Lascia Ch'io Pianga* deur GF Handel en beantwoord die vrae wat volg.

Lascia Ch'io Pianga
(Uittreksel)

GF Handel

The first system of the musical score shows the vocal line and piano accompaniment. The vocal line begins with the lyrics "La - scia ch'io - pian - ga, La cru - da sor - te,". The piano accompaniment starts with a piano (*p*) dynamic. A bracket labeled (x) is placed under the final two notes of the piano accompaniment in this system.

The second system of the musical score begins at measure 5. The vocal line continues with the lyrics "E che so - spi - ri, La - li - ber - ta;". The piano accompaniment features a triplet of eighth notes. Brackets labeled (a), (b), (y), and (z) are placed under specific notes in the vocal line. The system concludes with the word "Fine".

The third system of the musical score begins at measure 9. The vocal line continues with the lyrics "E che so - spi - ri, E che so -". The piano accompaniment includes the instruction *poco cresc.*. A bracket labeled (c) is placed under the final two notes of the vocal line.

The fourth system of the musical score begins at measure 12. The vocal line continues with the lyrics "spi - ri, La li - ber - ta.". Brackets labeled (d), (e), (f), and (g) are placed under specific notes in the vocal line. The system concludes with the instruction "Da capo al Fine".


VRAAG 1.5

- 1.1 Noem die toonsoort van hierdie lied.
_____ (1)
- 1.2 Verduidelik die A-herstel in maat 10–13.
_____ (2)
- 1.3 Verduidelik die A-mol in maat 14.
_____ (1)
- 1.4 Besyfer die akkoorde gemerk (a)–(g). Noem in elke geval die toonsoort, akkoord en posisie, byvoorbeeld A: I_b of A: I⁶ of A: I₃⁶ of A: A/C[#].
- (a) _____
- (b) _____
- (c) _____
- (d) _____
- (e) _____
- (f) _____
- (g) _____ (7)
- 1.5 Noem die kadens in maat 13³–14¹.
_____ (1)
- 1.6 Identifiseer die nie-akkoordnote (x), (y) en (z) op die partituur.
- (x) _____
- (y) _____
- (z) _____ (3)
- 1.7 Omkring EEN noot op die partituur in die vokale party wat 'n terughouding vorm. (1)
- 1.8 Identifiseer die musiekmiddel (komposisietegniek) wat in die vokale party in maat 9¹–12² gebruik is.
_____ (2)
- [18]

VRAAG 2 (Aanbevole tydsduur: 15 minute)

Beantwoord die volgende vrae oor musiekteorie.

- 2.1 Transkribeer die melodie hieronder in die altsleutel met behoud van dieselfde toonhoogte.




(3)

- 2.2 Transponeer die melodie hieronder vir B^b-klarinet ('n majeur 2^{de} hoër). Voeg die nuwe toonsoortteken by.




(3)

- 2.3 Herskryf die melodie hieronder in 'n enkelvoudige tydmaatteken sodat die passasie dieselfde klink. Voeg die nuwe tydmaatteken by.



(3)

2.4 Voltooi die ontbrekende note om 'n blues-toonleer op G te vorm. Gebruik heeltone.



(2)

2.5 Beantwoord die volgende vrae oor intervalle:

2.5.1 Identifiseer die interval hieronder.




(1)

2.5.2 Skryf 'n interval van 'n vergrote vierde wat diatonies in B^b majeur voorkom. Skryf sonder die toonsoortteken.



(1)

2.6 Skryf TWEE verminderde drieklanke wat in D mineur voorkom. Skryf beide drieklanke in eerste omkering, sonder 'n toonsoortteken.



(2)



2.7 Voeg die korrekte tydmaatteken vir die volgende uittreksels by.



(2)
[17]

Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**VRAAG 3 (Aanbevole tydsduur: 25 minute)**

- 3.1 Gebruik die gegewe openingsmotief hieronder en voltooi 'n twaalfmaat-melodie in ABA-vorm. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.





Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3	
Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks	4	
Dinamiek en artikulasie	1	
Korrekte notasie: nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring	2	
TOTAAL	10	

[10]**OF**

- 3.2 Gebruik die openingsmotief wat hieronder gegee word en voltooi 'n twaalfmaat-melodie in ABA-vorm. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.



Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3	
Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks	4	
Dinamiek en artikulasie	1	
Korrekte notasie: nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring	2	
TOTAAL	10	

[10]

Beantwoord ÓF VRAAG 4 ÓF VRAAG 5.**VRAAG 4 (Aanbevole tydsduur: 30 minute)**

Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Jy sal punte ontvang vir die kreatiewe gebruik van nie-akkoordnote.

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Korrektheid: verdubbeling, spasiëring, stemleiding, parallelle beweging, ens.	14	
Keuse van akkoorde: progressie, kadense	12	
Algemene indruk: kreatiwiteit, nie-akkoordnote	4	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

[15]**OF**

VRAAG 5 (Aanbevole tydsduur: 30 minute)

Voltooi die klavierstuk *Where am I?* in die styl van die materiaal wat hieronder gegee word, deur gepaste akkoorde in die basparty by te voeg.

Where am I?

With swing

Die stuk sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Keuse van gepaste akkoorde, skuiftekens	12	
Korrektheid: ritme, nootstele, akkoordstemleiding	12	
Algemene indruk: kreatiwiteit, artikulasie	6	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**90 MINUTE****Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.****VRAAG 6**

Brahms was 'n kenner in die skep van grootskaalse vormstrukture en die gebruik van 'n wye verskeidenheid stemminge in sy werke.

Brei uit op hierdie stelling en skryf 'n opstel oor die vorm en stemminge wat in die vierde beweging van Brahms se *Simfonie nr. 4 in E mineur* gebruik word.

Punte sal soos volg toegeken word:

Vorm: 5 punte

Stemming: 4 punte

Opstelmaat: 1 punt

[10]**VRAAG 7**

7.1 Vergelyk swing en be-bop met verwysing na:

- Melodie
- Ritme en tempo
- Instrumentasie
- Vorm

(4 x 2) (8)

7.2 Noem EEN kunstenaar vir elk van die jazzstyle wat in VRAAG 7.1 genoem is.

(2)
[10]

VRAAG 8

Kies EEN van die musikvoorbeeld hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

(a) *Maestoso*

(b) *Schnell (fast)*

(c) *Andante lento*

(d) *Allegro molto appassionato*

(e) *Allegro commodo non agitato*

8.1 Skryf die letter (a–e) van jou keuse neer. Noem die werk en die komponis van die voorbeeld wat jy gekies het, byvoorbeeld (f) *Die Skepping* – J Haydn. (1)

8.2 Beskryf die genre wat verteenwoordig word deur die werk wat jy gekies het. (4)
[5]

VRAAG 9

Kies EEN van die volgende werke wat jy bestudeer het en beantwoord die vrae wat volg:

- Debussy: *Voiles*, uit *Preludes Boek 1*

OF

- Stravinsky: *The Rite of Spring*

OF

- Lerner en Loewe: *My Fair Lady: The Rain in Spain*

EN/OF

Leonard Bernstein: *West Side Story: Maria*

EN/OF

A Lloyd Webber: *Phantom of the Opera: All I ask of You*
(Indien jy hierdie opsie kies, verwys na TWEE van die liedere)

Skryf 'n paragraaf oor die kenmerke van die werk wat jy gekies het en verwys na die volgende elemente:

- Stemming
- Tonaliteit
- Ritme
- Melodie
- Dinamiek

[5]

VRAAG 10

Bestudeer Tema A–D uit die Volkslied van Suid-Afrika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 10.1 Noem die taal waarin elke uittreksel gesing word. Skryf slegs die letter (A–D) en die taal in die ANTWOORDEBOEK neer. (4)
- 10.2 Noem die oorspronklike komponis van elke uittreksel. Skryf slegs die letter (A–D) en die komponis se naam in die ANTWOORDEBOEK neer. (2)
- 10.3 Noem TWEE persone wat betrokke was by die skryf van die teks van die Volkslied asook vir watter taal hulle verantwoordelik was. (4)
- [10]**

VRAAG 11

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

A	B	C
KOMPONIS	STYLKENMERKE	WERK
Niel van der Watt	(a) Teks is oorwegend lig en speels	1 <i>Ma Ngificwa Ukufa</i>
Mzilikazi Khumalo	(b) Kombineer Afrikapoësie met orkestrale begeleiding	2 <i>Ndzhaka ya tinsimu</i>
SJ Khoza	(c) Gebruik verskeie tale, insluitend Latyn	3 <i>Famban' Kahle</i>
	(d) Musiek is uitsluitlik vokaal	4 <i>Liedwerk van klip</i>
	(e) Gebruik uitgebreide tonaliteit	5 <i>Ushaka kaSenzangakhona</i>
	(f) Gebruik gesproke teks met neurieklanke	6 <i>Misa de Meridiana Terra</i>
POPULÊRE KUNSTENAAR	STYLKENMERKE	LIEDJIE/ALBUM
Mandoza	(g) Lirieke beeld sosiale en politieke kwessies uit	7 <i>Rastas Never Die</i>
Lucky Dube	(h) Sluit folk- en country-styl in	8 <i>Toeka Ma' Local</i>
Steve Hofmeyr	(i) Kombineer hip hop en mbaqanga	9 <i>Klaimer</i>
	(j) Lirieke het dikwels 'n outobiografiese oorsprong	10 <i>She's a Woman</i>
	(k) Sangstem is sag en teer	11 <i>Prisoner</i>
	(l) Lirieke is dikwels in dreunsang of word geskree	12 <i>Nkalakatha</i>

11.1 Kies EEN Suid-Afrikaanse komponis uit KOLOM A en skryf sy naam in die ANTWOORDEBOEK neer.

Kies TWEE stylkenmerke uit KOLOM B en TWEE werke uit KOLOM C wat met hierdie komponis geassosieer word. Skryf slegs die letters (a–f) en nommers (1–6) langs die komponis se naam neer.

VOORBEELD: Komponis: Hendrik Hofmeyr: m, n, 13, 14

(4)

11.2 Kies EEN Suid-Afrikaanse populêre kunstenaar uit KOLOM A en skryf sy naam in die ANTWOORDBOEK neer.

Kies TWEE stylkenmerke uit KOLOM B en TWEE liedjies/albums uit KOLOM C wat met hierdie kunstenaar geassosieer word. Skryf slegs die letters (g–l) en nommers (7–12) langs die kunstenaar se naam neer.

VOORBEELD: Kunstenaar: Miriam Makeba: p, q, 15, 16

(4)
[8]

VRAAG 12

Skryf 'n paragraaf oor EEN van die populêre kunstenaars/popgroepe hieronder wat jy bestudeer het.

- Metallica
- Michael Jackson
- David Bowie
- Oasis
- Spice Girls
- Westlife

Dui jou gekose kunstenaar/groep aan en skryf oor die volgende aspekte:

- Styl van populêre musiek
- VIER musikale stylkenmerke
- EEN trefferliedjie/album

[6]**VRAAG 13**

Beantwoord die vrae hieronder oor die Afrikakoorwerk (*Monna e Motenya* of *Plea from Africa* of *Gabi Gabi*) wat jy bestudeer het.

13.1 Verduidelik die betekenis van die teks in jou eie woorde. (2)

13.2 Noem DRIE musikale kenmerke wat in die werk gevind word. (3)

13.3 Noem die vorm van die werk. (1)

[6]**VRAAG 14**

Beskryf EEN van die volgende musiekstyle:

- Kwaito
- Musiek vir sosiale geleenthede
- Moppies en ghoemaliedjies

[5]

TOTAAL AFDELING B: 65
GROOTTOTAAL: 125

